

# *Elsie Joubert*

*26 Junie 1935 - 12 Junie 2020*

# In Liefdevolle Herinnering aan

# Elsie Aletta Cecilia Du Plessis

*26 Junie 1935 - ✝12 Junie 2020

Die diens word waargeneem deur Pastoor Francois Fouche
vanuit die Alberton Metodiste Kerk, 17 Heidelbergweg, Newmarket Estates, Alberton
op Vrydag 19 Junie 2020 om 12:00

## Ons herinneringe aan ons geliefde Elsie

Ons onthou hoe ons in die koue, hout kerkbanke warm en veilig teen jou warm jasse opgekrul het. Jou oë en wysvinger wat ons vermaan om soet en stil te sit, en sonder enige twyfel laat oor die gevolge. Jou smullekker sondagmiddag etes. Die ekstra paar geldnote in die hand oorgedra met die warm afskeidsdrukkie, en die kospakkie om later gou warm te maak. En natuurlik altyd gelyk - soos jou liefde - nooit een kind voor die ander bevoordeel nie. Die aandag aan detail en kreatiwiteit met die troukoeke, blommeruikers en decoupage. Die geskenke van jou liefde vir boeke - lees , kennis, verbeelding, droom, studie en geleenthede. Die popcorn. Jou liefde vir lekker koek!
In ‘n era van die Christelike Nasionale man en vader, het jy meer as jou man gestaan. Weliswaar meestal in die sygange van die verhoog maar nooit in die skaduwee nie. Daarvoor was jy te veel ’n vrou in eie reg. Op skool eerste in jou klas, vir boekhouer bekwaam en later aan die hoof van Prestasieskool se kantoor administrasie gestaan, terwyl jy by die huis ook alles aan die kook moes hou sodat jou maatjie weer sy aandag aan sy roeping van die onderrig en opheffing van die jeug kon wy. Soos jou ouers, broers en skoonsusters ywerige werker by die kerk en later voorsitster van die Vrouediens en selfs in aftrede diensbaar vir die behoeftiges en jou mede senior burgers.
Jy het eers later werklik jou “stem” gekry en wat ‘n stem was dit nie: in sommige sake meer konserwatief as ander maar met betrekking tot die lewe altyd berekend, wys en inspirerend, en natuurlik rotsvas sonder ‘n sweempie van twyfel in jou geloof in God jou Vader en sy Woord. As skoonsuster en skoonma was jy behulpsaam maar altyd konsidererend, en as ouma was die nuwe maniere en giere vreemd en soms onaanvaarbaar, maar jou liefde vir jou kleinkinders oneindig en onomwonde en gevul met trots.
Wat steeds ongesê is laat ons vir eers tot wanneer ons weer ontmoet - ons liefste ma en ouma, ons suster en ons vriend.

Jou Kinders, kleinkinders, familie, vriende en kennisse.

## Genade Onbeskryflik Groot
## Vers 1, 2, 3 en 4

**1.** Genade onbeskryflik groot
het U aan my bewys
verlore seun ’n wegloop kind
weer in die vaderhuis !

**2.** Ek is die naam van kind nie werd
wou self my sake reël.
My lewe, kanse, tyd en geld
is nutteloos verspeel.

**3.** Maar U sien ver, oneindig ver.
U sien my honger, dors.
Want toe ek kom, my skuld bely,
druk U my aan die bors.

**4.** Genade onbeskryflik groot:
daar’s fees, ek is weer tuis!
U Seun bring my—verlore mens
weer in die vaderhuis.

## O Heer my God
## Vers 1, 2, 3 en 4

**1.** O Heer my God as ek in eerbied wonder
en al U werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
Hoe U dit elke dag so onderhou

**2**. Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, U kind.

**Refrein.**
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U, hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik Heer U grote Naam!

**3.** U Seun word mens
In ons gebroke wêreld
Kom vestig Hy sy koningheerskappy.
Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het
Hy bring weer hoop en redding Ook vir my

**4.** U maak ons deel van al U grootse werke.
U laat ons bid, Heer, dat U ryk  mag kom.
En kom U weer, in heerlikheid op wolke,
maak U volkome nuut U eiendom.
**Refrein**

**Met ons innige dank en waardering aan:**
Die personeel van die Unie Hospitaal, AVBOB, Alberton LewensSentrum,
Alberton Metodiste Kerk en natuurlik almal in Suid-Afrika, Italië en wêreldwyd
wat ons gesin en familie in hierdie moeilike tyd ondersteun het met woorde
en gebede van bemoediging en onderskraging.

# Draers

| | |
|---|---|
| Paul Joubert | Seun |
| Erika Joubert | Skoondogter |
| Mari Kleinhans | Dogter |
| Adrian Kleinhans | Skoonseun |
| Jan du Plessis | Broer |
| Eddie du Plessis | Broer |



**As gevolg van Covid-19 beperkings sal verversings ongelukkig nie na die diens bedien word nie.**